Afrikaans Eerste Taal HG V1 **NOVEMBER 2007**

AFDELING A

VRAAG 1 - LEESBEGRIP

- Hierdie vraag is oor die algemen beter beantwoord as die taalvrae. Daar is egter enkele aspekte wat aandag verdien.

1.1 Kandidate lees nie met aandag nie: die kern van die vraag was wat die voordeel vir Suid-Afrika sou wees.
1.4 Weer swak leeswerk: dit gaan oor die klient se frustrasie en nie die van die agent nie.
1.6 Hierdie vraag is baie swak beantwoord omdat kandidate nie die antwoord direk uit die teks kon neerskryf nie.
1.6.1 Indien daar gevra word dat 'n sin aangehaal word, moet 'n hele sin uit die teks woordeliks korrek neergeskryf word. Vir goeie praktyk moet klem gele word op die gebruik van aanhalingstekens.

1.7 As Twee woorde gevra word, moet slegs die twee woorde geskryf word.

VRAAG 2

ADVERTENSIE

Die vraag is oor die algemeen goed beantwoord.
2.1 Die teikenmark verwys na iemand wat belangstel om die produk te koop.
2.6 Hier is 'n voorbeeld van 'n uitdrukking wat nie in sy normale konteks gebruik word nie. Dit is belangrik dat kandidate die konteks in ag neem wanner die vraag beantwoord word.

VRAAG 3
OPSOMMING

Oor die algemeen is die vraag goed beantwoord. Te veel kandidate verloor punte omdat kernwoorde in die feite weggelaat word wat dan die betekenis van die feit verander. Daar is ook heelwat kandidate wat nie die getal woorde aandui nie of oneerlik is oor die getal woorde en dan gepenaliseer word. Indien die lengte van die opsomming met 15% of meer oorskryf word, word geen punte toegeken nie.

AFDELING B- PRAKTYKGERIGTE TAALLEER

VRAAG 4

Van al die taalvrae was hierdie een die mees problematiese.

4.1 Hierdie vraag het die reuse leemte getoon in die kandidate se woordeskat, in die algemeen, en kennis van idiomatiese taalgebruik, spesifiek. Taalonderrig moet gerig wees op die skep van betekenis en alles –ook leestekens, woordorde, ens. – moet die aspek beklemtoon.

4.3 Die weglaat van aanhalingstekens en verandering van persoonlike voornaamwoorde en bywoorde staan sentraal by die onderrig van direkte/indirekte rede. Dit is teleurstellend hoe min kandidate dit weet.

4.5 ‘n Eenvoudige vraag soos verlede tyd, is swak beantwoord. Meer aandag moet gegee word aan voorbeelde waar daar verskeie werkwoorde in ‘n sin voorkom.

4.7.1 Die ontkenning van woorde wat heeltemal verander, moet meer onderrig word.

4.9 Sinsreduksie moet meet aandag kry. Kandidate weet dalk nie wat ‘n bysin en ‘n frase is nie en daarom is die vraag baie swak beantwoord.

VRAAG 5

5.5 Die betekenis van morfeme is ‘n kernaspek in die taal en moet onderrig word.

5.7 Die korrekte verboe vorme van woorde moet meer geoefen word.

VRAAG 6

6.5 Dit moet onderrig word dat die verkleinwoord van ‘n meervoudsvorm weer in die meervoud gegee moet word. Die vraag is ook swak beantwoord omdat kandidate nie basiese spelreels ken nie.

6.9 Kandidate het ‘n eenvoudige vraag verkeerd beantwoord omdat die basiese beginsel van die oortreffende trap en die spelling daarvan nie behoorlik onderrig word nie.

VRAAG 7

7.1 EN 7.2 Hoewel kandidate skynbaar geen probleem het om figuurlike taalgebruik te identifiseer nie, ondervind hulle ‘n reuse probleem om dit te verklaar. Die probleem skakel weer met gebrekkige woordeskat.

7.4 Geimpliseerde betekenis en hoe dit oorgedra word gaan toenemend belangrik word. Kandidate moet baie oefening hierin kry.

VRAAG 8

Die volgende aspekte verdien meer aandag:

Die reels t.o.v die gebruik van betreklike voornaamwoorde (8.2), die onderskeid tussen lees-en skryftekens (8.4 en 8.15), meervoude van afkortings (8.11) en die gebruik van punte by afkortings, woordorde (8.14 en ook 4.3, 4.4, 4.6 en 4.8) en nog steeds die punktuasie van die direkte rede (8.18).

Waar daar gevra word om leestekens te voorsien (8.18) moet kandidate ook geleer word om nie die woordorde te verander nie.